**Die tema van Romeine**

**Romeine 1:16-17**

**23 Augustus 2026**

1. Vantevore: Die gemeente in Rome het wêreldwyd 'n effek gehad, en ook op Paulus: Hy het God gedank oor elke gelowige, hy het voortdurend aan hulle gedink, gebid om hulle te besoek as dit God se wil was, om hulle te bemoedig en om self bemoedig te word, en sodoende 'n vrug te verkry. Dit was eenvoudig Paulus se hartsbegeerte om die evangelie in Rome te verkondig.
2. Rom1:16-17 – Paulus voer 6 redes aan waarom hy hom nie vir die evangelie skaam nie
   - Is ons intellektueel skaam oor die evangelie?
   - Is ons sosiaal skaam oor die evangelie?
   - Is ons moreel skaam oor die evangelie?
3. Die oorsprong van die evangelie (Rom 1:16)
   - Die oorsprong van die evangelie is God self (vgl Rom 1:1)
   - God het dit bedink, beplan, bewerk en geïmplementeer (vgl 1 Tess 2:13)
4. Die aard van die evangelie (Rom 1:16)
   - Die evangelie is nie net 'n teoretiese leerstelling nie – dit is ook die krag van God
   - Dit is die krag waarmee God mense uit die mag van die duisternis red en verplaas na die koninkryk van Sy Seun (Kol 1:13-16)
   - Geen menslike krag kan dit bewerk nie – God moet geestelik herskep
5. Die doel van die evangelie (Rom 1:16)
   - Die doel van die evangelie is volledige verlossing
      i. Reeds verlos, word verlos, sal verlos word
      ii. Bevry van sondelas, word geregverdig (Ef 1:7, Rom 5:1)
      iii. Verlos van sondige aard, ontvang nuwe lewe (Rom 6:6 en 4)
      iv. Verlos van slawerny, ontvang vryheid van Christus (Rom 7:24-25, Gal 5:1)
      v. Bevry van vervreemding van God, kom naby God (Ef 2:12, 13)
      vi. Bevry van oordeel, ontvang God se liefde (Ef 2:3, Rom 5:5)
      vii. Bevry van ewige dood, ontvang ewige lewe (Ef 2:5)
   - Dit verg kragtige werk van God
6. Die ontvangs van die evangelie (Rom 1:16)
   - Elkeen wat glo beleef hierdie kragtige werk van God
   - Geloof is om seker te wees van wat ons nie sien nie (Heb 11:1)
      i. Dit sluit al die aspekte van ons verlossing in
   - In die geloof vertrou ons dat die Here Jesus juis die verlossing bewerk het – daarom kan ons seker wees
7. Die omvang van die evangelie (Rom 1:16)
   - Eerste vir die Jood – hulle was grootliks die fokus in die OT
   - Maar ook vir die Griek – vgl Gen 12:3, Jes 60:2-3, Mat 28:19
   - Die evangelie is universeel beskikbaar vir die wat glo
8. Die uitkoms van die evangelie (Rom 1:17)
   - Sondaarmense kry deel aan die geregtigheid van God
      i. Geregtigheid van God = dit wat God besluit het reg is
   - Dit gebeur nie uit verdienste nie, maar geheel en al deur geloof in die Here Jesus wat die geregtigheid bewerk het.